# TRUTH THAT NEVER CHANGES

# Daniël

## HOE VERBASEND WAAR SY VOORSPELLINGS IS




**Die traktaat berus op vier verse uit Daniël 9.** As jy skepties is, glo ek die logiese waarhede wat ek hier aantoon, sal enige twyfel wat jy mag koester uit die weg ruim! Drie feite blyk uit dié Bybelverse:

1. **Die Bybel is die waarheid;**
2. **Christus is God; en**
3. **Daniël se profesieë is betroubaar.**

**Gaaf, kom ons begin by Daniël 9:24. Wat ons sal aantoon, is dat Jesus die Messias van die wêreld is en dat die Bybel betroubaar is.**

*"Sewentig weke is bepaal oor jou volk en jou heilige stad: om die daad van opstand tot 'n einde te bring, om die sondes die volle maat te laat bereik."*
DANIëL 9:24

**Wie is dié volk?** Dit was Daniël se volk, die Joodse volk, en die stad was Jerusalem. Die Jode was in Babilonië in ballingskap. Daniël wou sy mense vry hê om die stad Jerusalem te gaan herbou; dis waarvoor hy gebid het.

**70 Profetiese (Simboliese) Weke x 7 (dae per week) = 490 Profetiese (Simboliese) Dae = 490 Letterlike Jare**

Daniël 8:14 voorspel 'n gebeurtenis wat eers 2 300 jaar later sou plaasvind. Die 70 profetiese weke van Daniël 9:24 is uit dié profesie afgesny en is spesifiek op die Jode gerig. In Bybelse profesie stel 'n dag 'n jaar voor, dus beteken die 70 profetiese weke, of 490 profetiese dae, in der waarheid 490 werklike jare.

✦ **Watter bewys bestaan dat 'n *profetiese dag* eintlik 'n *profetiese jaar* beteken? Dit blyk uit Esegiël 4:6: "'n Dag vir elke jaar is wat Ek dit vir jou maak."**



Die formule dat een profetiese dag gelyk is aan een letterlike jaar kom dwarsdeur die Skrif voor, nie net in Esegiël nie. Daar is 'n goeie voorbeeld in Numeri 14, toe die kinders van Israel Kanaän verken en onvernoegd teruggekeer het. God voorspel toe (Numeri 14:34): "Volgens die getal dae wat julle die land verken het, naamlik veertig dae, sal julle sondeskuld moet dra, 'n jaar vir elke dag, dus veertig jaar lank. Dan sal julle weet wat dit beteken om My te dwarsboom."

**Wanneer begin dié 490 letterlike jare?** Is daar wiskundige bewys dat Christus die Messias is? En bestaan enige bewys dat hierdie profesie vervul is presies soos die Bybel gesê het dit sou?

**Daar is! Kyk net na die 490 jaar wat uit die 2 300 jaar van Daniël 8:14 gesny is.**

**Voorspelde tydperk (Daniël 8:14): 2 300 dae, gelyk aan 2 300 jaar.**
**Gedeel tussen die Jode en Christene:**
**Deel 1: Jode = 490 jaar**
**Deel 2: Christene = 1 810 jaar**

**Deel een** geld vir die Jode, **deel twee** vir die Christene, of 'God se volk'.

Hoe weet ons nou die beginsel dat 'n Bybelse dag gelyk is aan 'n letterlike jaar vir dié profesie geld? Twee maniere:

1 Die profesie voorsien die gebeure.

2 Bybelse profesie verwys, veral in hierdie deel van Daniël, nie na letterlike dae nie, maar na jare. Nietemin: as die Bybel van 'n dag praat, is 'n dag 'n dag - die sewe skeppingsdae is sewe letterlike dae.


**Die reël dat 'n dag gelyk aan 'n jaar is, geld egter vir Daniël en Openbaring se profesieë.**

Kom ons kyk weer na Daniël 9:24: "Sewentig weke is bepaal oor jou volk en jou heilige stad: om die daad van opstand tot 'n einde te bring, om die sondes die volle maat te laat bereik."

Dit wil sê God gee die Jode 'n proeftydperk van 490 jaar om as volk tot inkeer te kom. En dan lui dit: *om die sondes die volle maat te laat bereik*, om dus hulle opstand teen God tot 'n einde te bring.

*"(As) my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, en my teenvoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemele hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle en hulle land genees."*
2 KRONIEKE 7:14

**En indien 'n voorval in daardie tyd sou gebeur, wat sou dit wees?**



Die Messias sal kom om die sondeskuld te versoen, ewige geregtigheid te bring, die visioen in die profesie te bevestig en die Allerheilige te salf.

Toe Jesus dus gekom het om ewige geregtigheid volgens die profesie te bewerkstellig, het Hy die verbond met sy bloed bekragtig. En na sy dood en wederopstanding het Hy opgevaar hemel toe om die hemelse Heiligdom binne te gaan, soos die Hoëpriester met die inwyding van die aardse Heiligdom (die Tabernakel), om daar met sy werk te begin.

**Daniël bevestig dus die feit dat die Messias weer sal kom en dat dit volgens die tydlyn van 490 jaar sal gebeur.**

## Die 2 300 Jaar-Profesie

**490 JAAR** | **2 300 JAAR**

***WANNEER BEGIN Dié PROFESIE?***

Soos die diagram aantoon, is 70 weke (490 jaar) uit die 2 300 jaar aan Daniël se volk toegewys - 'n proeftyd vir die Joodse volk as geheel om hulle te verootmoedig. En die Messias sal in hierdie tyd kom.

Nou wanneer begin dié profesie dan? In vers 25 verseker Daniël ons: "Jy moet weet en verstaan: Vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel en op te bou, tot met die koms van 'n gesalfde, 'n leier, sal sewe weke verloop. Twee en sestig weke sal die stad weer opgebou word..."


PIETER LASTMAN (DETAIL)

'n Engel het dié verklaring aan Daniël gegee. As 'n engel mens sê om iets te weet of te verstaan, moet dit ontsaglik belangrik wees. Dié sleutelprofesie begin met die opdrag om Jerusalem te herbou.

Die Babiloniërs onder koning Nebukadnesar het Jerusalem in 605 vC binnegeval, en weer in 587 vC. Die stad is in puin gelê en die tempel vernietig. En dan lui die profesie: "Jy moet weet en verstaan: Vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel en op te bou..."

Die profesie begin op die dag wanneer dié opdrag gegee is.



***Die geskiedenis leer ons drie opdragte of dekrete is in dié tyd uitgevaardig,*** die eerste deur Kores, die tweede deur Darius en die derde deur Artaxerxes. Die eerste twee het Israel nie as volk herstel nie, maar bloot toegelaat dat sommige van die Jode terugkeer.

Artaxerxes se dekreet het die Jode egter in staat gestel om weer 'n volk te word en hulle godsdiens te beoefen. Geld is voorsien om die tempel en stad te herbou. (Die tempel was nie heeltemal verwoes nie, maar het omvattende herstelwerk nodig gehad.) Artaxerxes het die Jode ook veilige reisreg gegee. Sy dekreet word in Esra 7:11-26 weergegee. Ek haal Esra 11-18 aan (Let wel: die Bybel noem Artaxerxes *Artasasta*):

> *Dit is 'n afskrif van die brief wat koning Artasasta gegee het aan Esra die priester, die skrifgeleerde, kenner van sake in verband met die wette van die HERE en sy voorskrifte aan Israel.*
>
> *❝ Artasasta, koning van die konings, aan Esra die priester, kenner van die wet van die God van die hemel:*
>
> *Gegroet!*
>
> *Ek het opdrag gegee dat enigiemand in my koninkryk uit die volk Israel en van sy priesters en Leviete wat gewillig is om na Jerusalem te gaan, saam met jou mag gaan. Daarom word jy deur die koning en sewe raadgewers gestuur om ondersoek in te stel oor Juda en Jerusalem, in ooreenstemming met die wet van jou God wat jy ter hand het, en om die silwer en goud saam te neem wat die koning en sy raadgewers vrywillig bygedra het vir die God van Israel wie se woning in Jerusalem is, asook al die silwer en goud wat jy in die hele provinsie Babel sal vind, sowel as die vrywillige bydraes van die volk en die priester wat hulle gee vir die huis van hulle God wat in Jerusalem is. Jy moet daarna noukeurig aankope doen met hierdie geld: bulle, ramme, lammers en graan- en drankoffers wat daarby hoort. Offer dit dan op die altaar van die huis van julle God wat in Jerusalem is. En wat jy en jou ampsgenote ook al goed mag vind om met die res van die silwer en die goud te doen, doen dit in ooreenstemming met die wil van julle God.❞*



*Watter jaar was dit? Sê die Bybel ons? Ja, dit sê: 'in die sewende regeringsjaar van koning Artasasta (Artaxerxes)'.* ESRA 7:7

Historiese dokumente stel ons in staat om dié jaar presies te bepaal.

Artaxerxes I was die vyfde koning van konings van die Achaemenediese Ryk, vanaf 465 tot Desember 424 vC. Hy was Xerxes I se derde seun.

**Die sewende jaar van sy bewind was dus 457 vC.**

Reliëf van Artaxerxes I by sy grafkelder by Naqsh-e Rostam (Wikipedia)

Die aanvang van die profesie is dus 457 vC. Nege en sestig profetiese weke vanaf dié tyd kom die Messias, Jesus Christus. (*Messias* beteken 'die Gesalfde'.) Dit is die antwoord op Daniël se gebed.

Kom ons kyk weer na Daniël 9:25: "Jy moet weet en verstaan: Vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel en op te bou, tot met die koms van 'n gesalfde, 'n leier, sal sewe weke verloop. Twee en sestig weke sal die stad weer opgebou word..."

***Die 2 300 Jaar-profesie (457 vC):***
**490 JAAR**
**2 300 JAAR**

**Kom ons doen die sommetjie!**

**70 WEKE:**
**69 PROFETIESE WEKE**
**x7 DAE PER WEEK**
**= 483 PROFETIESE DAE**

● *Ons verklaar die verlore week later.*

**483**
**-26**
**457**

69 weke/483 jaar van die 70 weke vanaf 457 vC vorentoe op die tydlyn bring ons by die koms van die Messias. In der waarheid neem dit ons **nie** van Artaxerxes se uitreik van sy dekreet om Jerusalem te herbou af tot by die Messias se geboorte nie, maar tot by sy salwing of doop. Dis omdat, wanneer mens van vC na nC beweeg, daar geen jaar Nul is nie (-1 vC tot 1 nC is net een jaar). Ons eindig dus by die jaar 27 nC. Die Bybel bepaal dié jaar klinkklaar.

**Lukas 3:1: "In die vyftiende regeringsjaar van keiser Tiberius..."** Romeinse geskiedskrywers vertel ons ook dat dit 27 nC was, presies ooreenkomstig die profesie.


**Maar nou kan mens met reg vra: As Jesus 30 was toe Hy gedoop is, hoe kon dit in die jaar 27 nC gebeur het?**

**Lukas 3:21: "In die tyd toe die hele volk gedoop is, is ook Jesus gedoop."** *Presies wanneer was dit?*



Ons weet Jesus was 30 jaar oud toe Hy in 27 nC gedoop is. Jesus is nie in die jaar Nul gebore nie - hy is sowat 4 vC gebore. Hoe weet ons dit? Matteus vertel ons (Matteus 2) dat Herodes by die wyse manne navraag gedoen het, dus moes hy nog geleef het toe Jesus gebore is.

Herodes, leer die geskiedenis ons, is in 4 vC dood, wat Jesus se geboorte naastenby vir ons bepaal. En 27 jaar later, toe Jesus 30 jaar oud was, is Hy gedoop... **presies soos die Bybel dit 483 jaar vantevore voorspel het!**



**Jesus het gesê: "Die bestemde tyd is vervul."**
MARKUS 1:15

Dit wil sê die tyd wat bepaal is vir die koms van die Messias, en met name die tyd wat deur Daniël voorspel is (lees Daniël 9:24-27).

Maar die profesie word nog merkwaardiger. Daniël 9 weer eens:



"Jy moet weet en verstaan: Vandat 'n woord uitgegaan het om Jerusalem te herstel en op te bou, tot met die koms van 'n gesalfde, 'n leier, sal sewe weke verloop. Twee en sestig weke sal die stad weer opgebou word... Na twee en sestig weke sal die gesalfde uitgewis word."

Dink bietjie: die 483 jare (dws 7 + 62 = 69; 69 x 7 = 483) neem ons tot by 27 nC, soos voorspel. Hierna sal die 'gesalfde' (Jesus) 'uitgewis word'.

**Wat beteken dit? Dit beteken die Messias, ons Heiland, sal gekruisig word.**

*"Na twee en sestig weke sal die gesalfde uitgewis word, en daar sal vir hom niks oorbly nie. En wat die stad en die heiligdom betref: Die volk van 'n leier wat kom, sal dit verwoes."* DANIEL 9:26


David Roberts: Beleg en vernietiging van Jerusalem (detail)

Is Jerusalem verwoes? Ja. Wanneer was dit? Geskiedkundige feit: dit het in 70 nC, na Christus gekruisig ('uitgewis') is, gebeur. Die generaal wat die stad verpletter het, was Titus, toekomstige keiser van Rome. Net soos Daniël dit voorsien het!

'Uitgewis' met *niks* vir Homself nie - vir jou en my. Jesus het vir *jou* sondes gesterf. Vergiffenis en genade is joune. Bybelse profesie is duidelik: Jesus is die Messias.

*"En hy sal vir een week 'n bindende ooreenkoms aangaan met die menigtes. In die middel van die week sal hy die slagoffer en graanoffer laat ophou."* DANIëL 9:27

Dis net hier waar baie goeie mense verward raak; hulle dink dis die Antichris wat die bindende ooreenkoms sal aangaan.

Kom ek wys jou hoekom dit onmoontlik en 'n slenter van Satan is om die pragtige waarheid van hierdie profesie te vernietig. Wie is die hoofonderwerp van vers 24? Wie gaan die sondeskuld versoen? Wie gaan ewigdurende geregtigheid bring? Wie gaan die bindende ooreenkoms verseël? Wie gaan dit wat besonder heilig is, salf?

**Jesus Christus. Hy is al Een wat die sondeskuld kan versoen.**

**Wat is die hooftema van vers 25?** Wie is die 'gesalfde, 'n leier'? Dit is Jesus Christus, die tema van vers 26. Die *Messias wat uitgewis word* is Jesus.

As die profesie Christus dan nou as die fokuspunt van verse 24, 25 en 26 beskou, sal die listige Satan nie sy kans waarneem en verwarring probeer saai nie?

Tweedens, nêrens elders in die Bybel is daar 'n aanduiding dat dit die Antichris is wat die ooreenkoms sluit nie. Dis Jesus Christus wat die Ewige, Ewigdurende Ooreenkoms aangaan: Hy stort sy bloed om dit te bekragtig. Let nou op hoe akkuraat die Bybel vertel wat dan gaan gebeur: *"Hy sal vir een week 'n bindende ooreenkoms aangaan met die menigtes. In die middel van die week sal hy die slagoffer en graanoffer laat ophou."*

Wie beëindig die slagoffer en graanoffer? Wie beëindig die lammerslagoffers?

**Dit is Jesus Christus, ons Verlosser!**


Dit dan wat betref die 69 weke, maar daar is een week van die profesie se 70 weke oor. Sewe simboliese dae is gelyk aan sewe letterlike jare.

Wat sê die Bybel nou in Daniël 9:27? "En hy sal vir een week 'n bindende ooreenkoms aangaan met die menigtes." Die ooreenkoms sal aan die einde van die sewe jaar bevestig word en die Joodse volk se proeftyd sal verby wees. Onthou, die profesie sê, "Sewentig weke is bepaal oor jou volk" (vers 24).

Die Jode se ooreenkoms met God sal aan die einde van die laaste week eindig, maar *in die middel van daardie laaste week* (vers 27) sal Jesus 'n end maak aan slagoffers en offerandes. Die helfte van sewe is drie en 'n half; by 27 nC gevoeg bring dit ons by die tyd wanneer die slagoffers eindig: 31 nC, toe Jesus in die ouderdom van 33 gekruisig is.

**Weer eens klop die sommetjies!**

### Jesus is op die voorspelde tye gedoop en gekruisig.



Daniël 9 bewys wiskundig dat Jesus Christus voorwaar die Messias is, wat geen twyfel laat dat die profetiese Woord, die Bybel, waar is nie. Hoe kon Daniël al dié goed honderde jare voor die geboorte van Christus geweet het?

Jesus sê: "Want dit is my bloed, die bloed van die verbond." MATTEUS 26:28

**Jesus se woorde bevestig dan die nuwe verbond.**




TRAKTAAT © GEORGE ROSS

Kontak:

www.bibletrakts.com